18/2025

# LAERSKOOL SAAMSPAN NUUSBRIEF

## WEEKLIKSE BEPLANNING:

| DATUM | ALGEMEEN | SPORT |
|---|---|---|
| 02 JUNIE MAANDAG | **EKSAMEN**<br>Gr 4-7 - Wiskunde | Landloop oefening (16:00 - 17:00)<br>Rugby oefening:<br>o/11 (14:00 tot 15:30)<br>o/13 (16:00 tot 17:30) |
| 03 JUNIE DINSDAG | RO - Graad 1 tot 3 | Landloop oefening (16:00 - 17:00)<br>Rugby wedstryd teen Witpoort [weg] |
| 04 JUNIE WOENSDAG | **EKSAMEN**<br>Gr 4-7 - SW Geskiedenis<br>Solosang oefening<br>Voordrag oefening Gr 1-3 (13:30 tot 15:00)<br>RO - Wiskunde (06:45) | Landloop oefening (16:00 - 17:00) |
| 05 JUNIE DONDERDAG | RO - Gr 1-3 | Landloop oefening (16:00 - 17:00) |
| 06 JUNIE VRYDAG | **EKSAMEN**<br>Gr 4-6 - PSW<br>Gr 7 - EBW<br>GEWONE KLERE (R5)<br>DETENSIE (13:30 TOT 15:00) | **KLEUTERSKOOL OUPA EN OUMA DAG!** |
| 07 JUNIE SATERDAG | | Mini-netbal teen Hermanstad |

Enige veranderinge in oefentye vir Rugby en Netbal sal op die WhatsApp groepe gekommunikeer word

SKANDEER DIE KODE VIR ONS WEBTUISTE

# Kermis

Nog baie borgvorms is uitstaande. Sal u asb help om dit vol terug te stuur. R80 deelname gelde kan inbetaal word by voogonderwyser.

## Wen klasse vir laasweek:

1ste Plek - Gr 3B
2de Plek - Gr 3J &Gr 5N
3de Plek - Gr 4F

# Kermis reëlings:

Die Kermis speletjies is SLEGS vir leerders van Laerskool Saamspan. Geen ander leerder van ander skole mag deel neem nie. Ouers is welkom.

**LET WEL: AS U NIE DIE R80 VOORAF BETAAL HET OM DEEL TE NEEM AAN DIE SPELETJIES NIE, SAL LEERDERS R10 PER SPELETJIE BETAAL.**



## Wat kan ons by die Kermis doen?












Koste?
Betaal R80 en neem aan alles deel, HEELDAG!

# ALGEMENE INLIGTING

## VOEDINGSKEMA DONASIES

Enige skenking aan die voedingskema sal baie waardeer word.
Kom ons staan saam en help mekaar.

**Indien daar enige ouer is wat kan kos maak een keer 'n week vir die broodjie projek, kontak asb. vir Juf Marlene - 081 521 7341**




**KAAS**
**POLONIE**
**BOTTER**
**WORSIES**

## WINTERSDRAG

Dis reeds vroeg koud. Leerders mag begin wintersdrag aantrek. Hou asb. by die reëls soos in die dagboekie. Help om u kind netjies te klee.

# KUNSWEDSTRYD

## KUNSWEDSTRYD SLUITINGSDATUM 30 MEI

**Beeldende Kuns, Solosang en Voordrag.**
Leerders wat gekies word sal by hul afrigter 'n brief ontvang.
Alle skeurstrokies met gelde moet by Juf. Marlene inbetaal word.
R80 inskrywingsfooi per item vir kuns, voordrag en solosang.
Indien u EFT, moet bewys van betaling uitgedruk en saam die skeurstrokie ingehandig word.
**GEEN GELDE SAL AANVAAR WORD SONDER 'N SKEURSTROKIE NIE.**
Sluitings datum: Voor of op 30 Mei 2025.
**Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.**



# EKSAMEN REËLINGS

*Geagte ouers,*

📌 Hier volg 'n belangrike boodskap oor die eksamen:

Twee weke voor elke vak geskryf word, is daar 'n afbakening uitgegee. Die afbakening is 2x deurgegee. Gedruk en uitgedeel aan die leerders en dan nog op die groepe ook.

Ander skole skryf elke dag. Ons skryf elke tweede dag. Daar is genoeg tyd om te leer.

Ouers vra wanneer ontvang hulle 'n eksamenrooster? Dis reeds die afgelope drie weke in die nuusbrief...

Ons is bekommerd oor leerders se akademiese prestasie. Leerders moet vooruit leer en voorbereid wees vir elke toets.

Geen leerder gaan uitstel kry vir 'n toets nie, behalwe agv mediese redes. Kinders mag eers na 10:00 uitgeteken word tydens die eksamen.

*Groete,*
*Mnr van Niekerk*

## Die eksamenproses verloop soos volg:

Studietyd: 07:30 tot 08:15
Sessie begin: 08:30 tot 10:00

Daarna verloop die dag normaal.

## AFWESIGHEDE TYDENS EKSAMEN

Leerders wat afwesig is moet 'n doktersbrief inhandig.
Ons vra dat u kind asb. sal kom skryf en daarna huis toe gaan. Indien 'n kind afwesig is, sal al die toetse wat nie geskryf is nie op 'n Vrydag middag tydens detensie geskryf word.
Dit beteken dan dat u kind dalk meer as een vraestel op 'n slag gaan skryf.

## STERKTE MET DIE EKSAMEN SAMIES!

# Eksamen Rooster
# Graad 4-7
# Kwartaal 2

| DATUM | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|---|
| Maandag 19 Mei DONE | Afrikaans stelwerk | Afrikaans stelwerk | Afrikaans stelwerk | Lewensvaardigheid |
| Woensdag 21 Mei DONE | Afrikaans Taal en begrip | Afrikaans Taal en begrip | Afrikaans Taal en begrip | Afrikaans Taal en begrip |
| Vrydag 23 Mei DONE | Engels Language and comprehension | Engels Language and comprehension | Engels Language and comprehension | Engels Language and comprehension |
| Maandag 26 Mei DONE | Afrikaans Taal en begrip | Afrikaans Taal en begrip | Afrikaans Taal en begrip | Afrikaans Taal en begrip |
| Woensdag 28 Mei DONE | Engels Stelwerk | Engels Stelwerk | Engels Stelwerk | Tegnologie |
| Donderdag 29 Mei | Engels Language and comprehension | Engels Language and comprehension | Engels Language and comprehension | Engels Language and comprehension |
| Maandag 2 Junie | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |
| Woensdag 4 Junie | SW Geskiedenis | SW Geskiedenis | SW Geskiedenis | SW Geskiedenis |
| Vrydag 6 Junie | PSW | PSW | PSW | EBW |
| Maandag 9 Junie | NW en Teg | NW en Teg | NW en Teg | NW |
| Woensdag 11 Junie | SW Geografie | SW Geografie | SW Geografie | SW Geografie |
| Vrydag 13 Junie | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |
| Dinsdag 17 Junie | Kuns | Kuns | Kuns | Kuns |

**NB! Gedurende die eksamen speel ons nog rugby en netbalwedstryde ook. U kind moet asb. speel en daarna direk gaan leer! Moenie wag tot aan die einde van die wedstryde nie.**

**Ons eerstepan seuns moet eers gaan leer en dan kom speel.**

# PERMANENTE INLIGTING

MAAK SEKER OOR DIE VOLGENDE:

- Daar moet ten minste een ouer op die whatsapp groep wees per voogklas. Nuwe ouers moet laat weet as hulle nie op die groep is nie.
- Op Dinsdae dra die leerders hul aktiwiteitshemde met 'n blou broek en tekkies. Geen swart broeke en plakkies nie. Let asseblief op na die lengte van die broeke.
- As u kind afwesig is: moet hy of sy die dag se werk by 'n maatjie kry en dit reeds by die huis inhaal. Geen inhaal werk sal afgerol word nie.

## KONTAKBESONDERHEDE

**finansies@samies.co.za**
Enige kwessies rakende skool finansies.

**hoof@samies.co.za**
Enige kwessies wat u onder die hoof se aandag wil bring

**admin@samies.co.za**
Hierdie e-pos word gebruik vir enige navrae en inligting rondom leerders en as u 'n afspraak wil reël met die hoof.

**adjunkhoof@samies.co.za**
Hierdie e-pos dien as 'n kommunikasie kanaal tov navrae oor die gedragstelsel, dissipline kwessies en aanmelding van moontlike boeliegedrag.

**media@samies.co.za**
Facebook, webtuiste, nuusbrief, lunchkaart navrae.

**bezuidenhout.juan@yahoo.com**
Beheerliggaamvoorsitter

**FINANSIËLE KANTOOR URE**
07:00 TOT 14:00
VRYDAE - SLEGS IN DIE MIDDAE
13:00 TOT 13:30

**SKOOL BANKBESONDERHEDE**
ABSA
TAKNAAM: HERCULES
TAKKODE: 334245
REKENINGNOMMER: 80490046
VERWYSING: FAMILIEKODE (SKOOLFONDS)

## AKTIWITEITSHEMPIES & KLEREVERSKAFFERS

### AKTIWITEIT EN ATLETIEK HEMPIES IS BESKIKBAAR IN DIE WINKEL.

Op Dinsdae mag leerders aktiwiteitsklere aantrek.
Die reëls is as volg:

1. GEEN plakkies! Slegs kaalvoet of netjiese tekkies mag gedra word.
2. Slegs 'n demin of navy kortbroek mag gedra word. Die atletiek kortbroek wat by die verskaffers beskikbaar is mag ook gedra word.
3. Geen geskeurde denim of "ski-pants" mag gedra word nie.
4. 'n Waarskuwing sal gegee word vir verkeerde drag en daarna sal die leerder begin inskrywings kry.

### SKOOL SWEETPAK BAADJIE

Daar was 'n misverstand met ons skool se baadjie. Die regstelling is gemaak en die baadjie sal oor twee weke beskikbaar wees by die winkel.

### SAGTEBALKLERE:

Die sagtebal broeke en hemde kan vanaf 2 tot 13 Junie bestel word by SSS-West. Dogters ontvang 'n kaartjie wat hul moet saam neem wanneer hulle 'n sagtebal hemp bestel. Na 13 Junie sluit bestellings. Geen sagtebalklere sal daarna bestel kan word nie. Wees asb. voorbereid en bestel u kind se klere vir die seisoen.
Pryse sal op groepe deurgegee word.



# VERSOEKE

## GRAAD 4-7 HARDEBAND BOEKE:

Daar is baie leerders se boeke wat los skeer. Die skool kan nie elke kind se boek plak nie. Ons doen 'n groot beroep op u om u kind se boek na te gaan en asseblief vir ons te plak sodat dit nie uitmekaar val nie.

## MERK VAN KLERE, KOSBLIKKE, SKRYFBEHOEFTES EN TASSE:

Merk asseblief u kind se besittings so duidelik as moontlik. Kom vra asseblief by die kantoor as u kind iets verloor het. Daar is baie verlore klere by die skool.

## KONTAK BESONDERHEDE:

Maak seker dat u gegewens soos telefoon / selfoonnommers, epos adresse en ander inligting by die kantoor op datum is. Baie ouers ontvang nie belangrike inligting, werk of rapporte a.g.v verkeerde en verouderde selfoonnommers en e-pos adresse.

## SKRYFBEHOEFTES:

Die vakansie is verby! Ons kan nie suksesvolle leer in die klas toepas as leerders nie die nodige skryfbehoeftes het nie. Gaan u kind se skryfbehoeftes asb. weekliks na.

## KLEREBANK:

Indien daar enige ouer is wat klere vir die klerebank kan skenk, sal die skool dit opreg waardeer. Enige skenking is welkom.

## KOPLUISE:

Die skool vra dat ouers asseblief hul kinders se koppe weekliks sal deurgaan vir luise of neute. Leerders wat luise het se ouers gaan 'n brief ontvang om u kind se hare by die huis te behandel. As u nalaat om dit te doen gaan u, u kind ongelukkig tuis moet hou tot u kind se hare skoon is.

## SPORTKLERE:

Ons doen 'n groot beroep op u om asb. enige sportklere, ook eerstespan klere wat leerders nie meer gebruik nie vir die skool te skenk. Leerders kan die klere na Juffrou Melissa toe bring. Leerders wat skenings maak gaan beloon word met 'n dag se gewone klere.







# MR ALIGN
## MOBILE TRUCK WHEEL ALIGNMENT

## WE COME TO YOU!

**ABOUT US**

Wheel Alignment on all trucks, trailers and busses since 1992.

**Prices:**

- Front axle alignment ........... R600 per axle
- Drive axle alignment ........... on quotation
- Trailer axle alignment ........... R350 per axle

**Please contact us for bookings and more info.**

**DIRK - 066 207 3905**